

# 6 mites oor beroerte

Beroerteaanvalle kom meer gereeld voor as wat die meeste van ons besef, maar so ook wanopvatting daarvoor. Hier's wat jy moet weet.

deur CARLA CALITZ foto's JOHAN WILKE,  
HANNERI DE WET & CANDICE ASKHAM

**S**oos baie mense van sy ouderdom het George Scola van Johannesburg geglo net "ou mense" kan 'n beroerteaanval kry. Tot 'n Saterdag in April 2008 toe hy en sy vrou besig was om op te pak en trek. Op 36 het 'n beroerte sy lewe handomkeer verander.

"Ek het 'n rusbank gedra en skielik duiselig gevoel. Ek het teen die muur aangeleun en probeer om te gaan sit, maar ek kon glad nie my regterbeen of -arm beweeg nie. Ek het geval en dis waar 'n vriend op my afgekom het.

"Ek't geen pyn gehad nie – ek kon net nie beweeg of sinvol praat nie. Ek was onkundig oor beroerte en verward oor wat gebeur. Gelukkig is ek sowat 45 minute later in die hospitaal opgeneem.

"Ek was twee maande lank daar en moes van voor af leer praat en loop. Binne ses maande ná die beroerte het my onderneming gevou en my huwelik verbrokkel. Vandag kan ek steeds nie my regtervoet

en arm ten volle gebruik nie. Dit voel of die een helfte van my lyf dié van 'n 41-jarige is en die ander helfte dié van 'n tweejarige.

"Voor die beroerte het ek in eiendomsfinansiering gewerk, 'n strawwe beroep, maar nou kan ek glad nie voltyds werk nie omdat ek baie moeg word.

"Aanvanklik was ek erg depressief, maar nou aanvaar ek dit as 'n uitdaging. Dit gaan daarvoor om aan te pas, te groei en te oorwin. Ek's 'n medestigter van die Stroke Survivors Foundation. Twee jaar gelede het ek in ses maande van Musina na Kaapstad gestap as deel van 'n bewusmakingsveldtog om beroerteslagoffers te laat besef: Daar is 'n lewe ná beroerte, ongeag die beperkings."

Volgens die 2007-verslag Heart Disease in South Africa is beroerte die hooforsaak van gestremdheid in Suid-Afrika. Maar ten spyte van die gereelde voorkoms bestaan daar steeds vele wanopvattinge, sê dr. Kevin Ho, mediese direkteur van die farmaseutiese maatskappy Boehringer Ingelheim in Suid-Afrika.

"Dit het dalk daarmee te doen dat 'n beroerte 'n ingrypende, traumatiese gebeurtenis kan wees wat nie behoorlik verstaan word nie. Beroerte kán voorkom word deur bewustheid oor risikofaktore te kweek, dit korrek te diagnoseer en beheer."

## Mite 1: Beroerte is 'n seldsame verskynsel

Beroerte is op twee na die grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika, en lei jaarliks tot die dood van 25 000 mense, sê dr. Vash Munghal-Singh, hoof- uitvoerende beampte van die Hart-beroertestigting van Suid-Afrika.

"Elke dag kry sowat 240 mense 'n beroerte – dis tien elke uur," sê dr. Munghal-Singh. "Van hierdie mense sterf sestig en nog meer word uiteindelik permanent gestremd gelaat. In Suid-Afrika veroorsaak slegs MIV/vigs en iskemiese hartsiekte meer sterftes."

## Let op dié tekens...

Simptome van 'n beroerte wys watter deel van die brein geaf-fekteer is en kan verskeie vorms aanneem, sê dr. Kevin Ho. Herken só die gevaartekens: ♦ **Gesigspiere** wat "hang" of lam voel. ♦ 'n **Arm** wat swak of lam voel. Lig albei arms op; hang die een laer as die ander? ♦ Sukkel die persoon om te **praat**? Vra hom om iets eenvoudigs te herhaal, soos "die lug is blou". Kan hy dit foutloos doen? ♦ **Kry hulp!** As die persoon enige van dié simptome het, bel 'n ambulans – selfs al verdwyn die simptome. "Hoe gouer die behandeling, hoe beter die kans op herstel, veral binne 'n paar uur ná die voorval," sê dr. Ho. Die hersteltyd kan wissel van 'n paar dae tot 'n paar maande. Ongelukkig herstel sommige pasiënte nooit.